

Gereformeerde Kerk Bellville – 4 Februarie 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 111:1, 2 (p. 553)

- 1 'k Sal met my ganse hart die HEER / met die opregtes loof en eer – / die Gode dankb're duisendtalle.
Sy werk is groot die wêreld deur, / dit word deur almal nagespeur / wat daarin soek 'n welgevalle.
- 2 Sy daade^o is enkel majesteit, / aanbiddelike heerlikheid, / en sy geregtigheid onendig.
Sy wonders staan in rots gegrif, / en sy genade^o in ewige skrif / vir al wie arm is en ellendig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Loflied: Psalm 103:1, 3 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,
vergeld die kwaad en straf die onregstiger, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte^o en vreug.

Gebed

Psalm 105:4, 5 (p. 515)

- 4 O volk uit Abraham gebore, / uit Jakob, deur God uitverkore;
o volk wat soveel guns geniet – / verhoog die HEER in sang en lied!
Hy 's onse God – 'n wêreldrond – vrees vir die oordeel van sy mond.
- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Skriflesing: Handeling 16:11-15; Romeine 4:1-12;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 25:66-68

Kernvers: Romeine 4:11

En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word. (Romeine 4:11 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 66: Wat is sakramente?

Antwoord: Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God ons vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk (a).

(a) Gen 17:11; Rom 4:11; Deut 30:6; Lev 6:25; Heb 9:7-9, 24; Eseg 20:12; Jes 6:6, 7; 54:9.

Vraag 67: Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om geloof op die offer van Christus aan die kruis as die enigste grond van saligheid te wys?

Antwoord: Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons gebring is (a).

(a) Rom 6:3; Gal 3:27.

Vraag 68: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

Antwoord: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

Tema: Sakramente en hulle verhouding tot die Woord van God

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in die vorige gesprek het die gelowige aan die vraagsteller vertel van die herkoms van die saligmakende geloof. 'n Mens kan slegs deur 'n ware geloof deel hê aan die verlossing wat Christus bewerk het. Sonder geloof in Jesus Christus kan 'n mens nie gered word nie. Dit is net die Heilige Gees wat hierdie geloof in die sondaar se hart kan stort. Aangesien die Heilige Gees self God en almagtig is, kan Hy die geloof onmiddellik aan 'n mens gee. Hy verkies egter om die verkondiging van die heilige evangelie as gereedskap te gebruik om hierdie geloof in die hart van die sondaar op te wek.

Die Heilige Gees gebruik die voortdurende verkondiging van die Woord om die geloof in die gelowige te versterk en te laat groei, soos ons water gebruik om plante te onderhou en te laat groei. Maar soms is water alleen nie genoeg nie. Dan gebruik ons kunsmis om ekstra voedingstowwe aan die plant te gee. So gebruik die Heilige Gees ook die sakramente om die geloof in die mens op 'n sigbare manier te versterk.

Met die antwoord op die eerste vraag in Sondag 25 is dit die eerste keer wat die vraagsteller hoor van sakramente. Omdat hy onbekend is met sakramente sê die gelowige vir hom heel eerste dat daar twee sakramente is wat Christus ingestel het. Dit is die heilige doop en die heilige nagmaal. Van die instelling van die heilige doop lees ons in Matteus 28 en van die instelling van die heilige nagmaal lees ons in die evangelie wanneer Christus die laaste pasga saam met sy dissipels vier.

Hierdie sakramente is nie iets wat sommer net skielik op die Nuwe Testamentiese toneel verskyn nie. Die gelowige wys die vraagsteller daarop dat albei die sakramente hulle oorsprong in die Ou Testament het. Christus het die nagmaal by die pasga ingestel want Jesus is die eintlike Paaslam wat met sy kosbare bloed die kinders van God van hulle sondes verlos en hulle van die oordeel van God bevry. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom. Die besnydenis was die Ou Testamentiese teken en seël waarmee God sy beloftes aan sy mense gewaarborg het. In die Nuwe Testament waarborg God sy beloftes aan die mense met die teken en seël van die doop. Voordat die gelowige in meer besonderhede oor die doop en die nagmaal aan die vraagsteller kan vertel, is daar egter twee ander belangrike vrae wat hy vra.

Omdat hy van tyd tot tyd in eredienste kom, weet hy van die bestaan van die doop en die nagmaal. Hy wil eers hê dat die gelowige aan hom moet verduidelik wat 'n sakrament is. **Sakramente is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God ons vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk,**

antwoord die gelowige.

Broers, susters en kinders, om hierdie antwoord beter te begryp luister ons wat die gelowige aan die hand van Romeine 4 aan die vraagsteller vertel. Paulus het die brief aan die Romeine geskryf sodat hulle in Rome bekend kon word met die evangelie wat hy verkondig voordat hy na hulle toe sou kom. Die gelowiges aan wie hierdie brief gerig was is Jode sowel as mense wat vroeër 'n heidense godsdiens aangehang het. In Romeine 4 is Paulus besig die doel van die besnydenis wat God ingestel het te verduidelik. Baie Jode, ook Jode wat al in Christus geglo het, was onder die indruk dat selfs die heidene wat Christene geword het eers besny moes word anders kan hulle nie regtig verlos wees nie.

Daar is vandag steeds Christene wat dink as 'n kind van gelowiges sterf voordat hy gedoop is, is daardie kind nie gered nie. Daarom gebeur dit dat sieklike kindertjies wat nie ten

doop gebring kan word nie sommer in die hospitaal gedoop word voordat hulle sterf. Maar op grond van wat die Here aan ons sê in Romeine 4 weet ons dat die kind van 'n gelowige se ewige bestemming nie afhanklik is van die doop nie.

Luister net hoe sê die Heilige Gees dit aan ons in hierdie Skrifgedeelte. Abraham is nie geregverdig omdat hy die een of ander goeie daad gedoen het nie. Abraham was nie regverdig verklaar omdat hy besny was nie. Nee, die Heilige Gees het ook in hom die geloof geplant en laat groei toe God met hom gepraat het. Net soos wat dit by Lidia gebeur het. Die geloof het deur die aanhoor van die Woord van God tot stand gekom. En deur middel van die geloof, of by wyse van die geloof, het God hom regverdig verklaar. Deur in God te glo het Abraham die regverdiging aanvaar en sy eie gemaak.

God het Abraham geregverdig voordat hy besny was. Dit is eers nadat Ismael gebore was dat God die besnydenis ingestel het. Luister hoe sê die Gees dit:

En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie. (Romeine 4:11 AFR53)

Die besnydenis was dus 'n sakrament wat God ingestel het vir die Ou Testamentiese tyd. Die besnydenis was 'n teken wat Abraham met sy eie oë kon sien en waardeur hy geweet het dat God regtig 'n verbond met hom en sy nageslag gesluit het. Maar dit is ook 'n seël waarmee die Heilige Gees die belofte van God in sy hart verseël het. So het God vir Abraham gewaarborg dat Hy regtig sy God is en Abraham regtig sy kind is.

Wanneer ons nou terugkom na ons Kategismus toe sien ons dit is presies wat ons bely oor die sakramente. Sakramente **is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het, sodat ons die belofte van die evangelie nog beter kan verstaan en om dit te beseël.**

Die gelowige gaan voort om aan die hand van die begippe *heilige, sigbare tekens en seëls* in die antwoord die sakramente nog duideliker te maak. Die tekens by die doop en die nag-maal is gewone alledaagse dinge – gewone water en brood en wyn wat daagliks geëet en gedrink word. Maar in die sakramente is hierdie tekens heilig omdat Christus dit vir Homself uit die daaglikse lewe afgesonder het om sy gelowiges daarmee te onderrig en te verseker. Daarom is sakramente **heilige** tekens en seëls.

Die sakramente as tekens is sigbare dinge waarmee die Heilige Gees onsigbare sake aan ons verduidelik. By die doop is die teken die water en by die nagmaal is dit die brood en wyn. Met die water verduidelik die Heilige Gees aan ons: Soos wat water die vuilheid van

ons liggaam afwas, net so was die bloed van Christus die gelowige se siel skoon van al sy sondes. En met die brood en wyn verduidelik die Here die volgende aan ons: Brood en wyn is gewone kos. Soos wat 'n mens brood en wyn eet en drink om aan die lewe te bly, net so voed en verkwik die Heilige Gees die gelowige met die liggaam en bloed van Christus vir die ewige lewe. Die brood is mos die teken van Christus se liggaam wat gebreek is en die wyn is die teken van sy bloed wat vir ons vergiet is.

Jy sien dus, sê die gelowige aan die vraagsteller, die Here gee self hierdie heilige tekens aan sy gelowiges sodat hulle kan sien en die belofte van die evangelie nog beter verstaan. Maar die sakramente is ook seëls. In tye lank gelede het die konings hulle briewe met 'n seël verseël. Die papier waarop die brief geskryf is, is toegevou. En waar die rand van die papier by die res van die papier kom, het hy gesmelte was gedrup. Met sy seëlring het hy sy seël in die warm was afgedruk. Hierdie seël op die brief het aan die ontvanger en leser van die brief die versekering gegee dat die inhoud van die brief waar en eg is. Die seël waarborg dat die brief werklik van die koning afkomstig is.

So is die sakramente ook seëls waarmee die Heilige Gees die belofte van die evangelie aan gelowiges se harte verseël. Gelowiges hoor in die evangelie die belofte dat hulle sondes vergewe is en dat hulle die ewige lewe het, want God het hulle regverdig verklaar omdat Christus in hulle plek aan die kruis gesterf het. Nou wys die Here ons dit sigbaar in die sakramente. Met die doop verseker die Heilige Gees ons: Net so seker as wat water ons uitwendig skoon was, so seker was die bloed van Christus ons inwendig skoon. Met die nagmaal verseker Hy ons: Net so seker as wat die brood gebreek en die wyn uitgegiet word, so seker is Christus se liggaam gebreek en sy bloed vergiet tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Wanneer 'n mens besef wat die bedoeling van die sakramente is, kom 'n mens ook agter hoe groot God se vaderlike sorg vir sy kinders is. Die verkondiging van die heilige evangelie is by uitnemendheid die gereedskap wat die Heilige Gees wil gebruik om geloof in die hart van die sondaar te stort. Die Woord is ook die primêre gereedskap wat Hy gebruik om die geloof in die mens te voed en te versterk. Maar die Here wil dat sy kinders die belofte in die evangelie nog beter verstaan en seker wees dat die belofte van die evangelie ook vir hom persoonlik bedoel is. Daarom het Hy in sy goedheid en genade die sakramente ingestel. Nou hoor die gelowiges nie net nie, maar hulle kan ook sien, voel en proe wat die Heilige Gees inwendig en onsigbaar binne-in hulle doen.

Betekén dit dat die Woord van God sowel as die sakramente daarvoor bestem is om die gelowiges se geloof op die offer van Christus aan die kruis as die enigste grond van hulle saligheid te wys, wil die vraagsteller van die gelowige weet. Hierop antwoord die gelowige: ***Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons gebring is.***

Die sakramente sê nie iets anders of meer of beter as wat ons in die Woord van God hoor nie. Die Heilige Gees wys met die sakramente sigbaar aan die gelowiges wat Hy hoorbaar aan hulle belof in die evangelie sodat hulle geloof in Jesus Christus sterker kan word. Let weer op wanneer God vir Abraham geregverdig het – dit was omdat hy God se Woord geglo het en nie omdat hy besny is nie. Daarom kan ons verseker weet dat die Woord van die Here voorrang bo die sakramente geniet. 'n Plant kan nog sonder kunsmis lewe, maar beslis nie sonder water nie. 'n Gelowige kan nog sonder die sakramente gelowig wees en bly, maar beslis nie sonder die Woord nie. Daarmee wil ons nie sê dat sakramente onbelangrik is nie. Jesus Christus het die sakramente ingestel vir sy kerk, daarom kan die

sakramente nie onbelangrik wees nie.

Maar op grond van antwoord 67 moet ons op hierdie waarskuwing let. Ons moet nie die tekens van die doop en nagmaal verafgod nie. Dit is wat die Jode met die teken van die besnydenis gedoen het. Hulle het van dié standpunt af uitgegaan: As ek besny is, is ek beslis 'n kind van Abraham en daarom ook geregverdig voor God. En eers wanneer 'n mens besny is, sal jy regtig verlos wees. Daarmee het hulle die teken as voorwaarde van die verlossing gemaak. En dit is juis waarteen Paulus in Romeine 4 waarsku. Die sakramente maak 'n mens nie salig nie. Alleen Christus se enige offer aan die kruis maak mense salig. Wanneer ons die doop en nagmaal die voorwaarde maak om verlos te word, wil ons weer ons verlossing met ons daade verdien.

Nee, die sakramente is die seëls wat bewys dat God die gelowiges klaar regverdig verklaar het deurdat Hy die geloof aan hulle gegee het. Dit is die geloof wat die Gees in 'n mens werk waardeur gelowiges weet en vertrou dat Jesus Christus ook vir hulle aan die kruis gesterf het.

Ook by Lidia was die doop teken en seël gewees. Die doop het nie die geloof in haar tot stand gebring nie. Eers nadat sy die Woord gehoor het en die Gees deur middel van die Woord aan haar die geloof gegee het om dit te glo, is sy gedoop. En met die doop bevestig God sy belofte sigbaar wat sy in die evangelie gehoor het en wat die Heilige Gees ons sigbaar binne-in haar gedoen het.

Daarom kan die sakramente nie sonder die Woord voortbestaan en gebruik word nie. As 'n koning in die ou tyd sy seël op 'n leë stuk papier gedruk het, is daardie seël net so waarde-loos soos die stuk papier. Daarom gaan die Woord van God die sakramente vooraf, want in die Woord van God verduidelik God self wat Hy met die sakramente bedoel soos hier in Romeine 4.

Geliefdes, die Heilige Gees werk deur middel van die Woord van God die geloof in ons harte. By wyse van hierdie geloof verklaar God ons in Christus regverdig, want ons weet en vertrou dat Jesus Christus ook in ons plek aan die kruis gesterf het. Mag die Heilige Gees hierdie belofte van die evangelie elke keer wanneer ons die sakramente gebruik aan ons harte verseël en ons die belofte nog beter laat verstaan. Ja, mag Hy ons geloof versterk met die gebruik van die sakramente.

Amen!

Slotgebed

Psalm 23:1, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehae; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
4 Februarie 2018